# Die Afrikaanse Eisteddfod en die Invloed van Musiekkompetisies

Deur

JOH. LUYT

'n EISTEDDFOD wat bestaan uit kompetisies van verskillende kunsafdelings, oefen 'n viervoudige invloed uit: eerstens, op die gehoor; twedens, op die deelnemers; derdens, op die onderwysers en onderwyseresse, en, in die Musiekafdeling, op dirigente; vierdens, op die boek- en musiekhandelaars. Wat die gehoor betref, dit bestaan grotendeels uit vriende van die deelnemers. Bykans al die toehoorders is goed bekend met 'n deel van die musiek- en elokusievoordragte wat neergeskrywe staan as verpligte stukke, en hulle is begerig om die toetse by te woon om elke punt in die voordragte van die deelnemers te kan volg. 'n Intelligente gehoor is in 'n land waar eie musiekkuns nog nie tot bloei gekom het nie, van baie groot belang. In hierdie opsig doen 'n musiekkompetisie 'n uitstekende werk.

Die deelnemers word aangemoedig om hul uitvoering met dié van ander te vergelyk; hulle vind hul eie swak punte uit; maar hulle is ook geregtig om te dink dat hulle die pryswenners in enkele punte oortref het. Die musiek wat in die Sillabus aangegee staan, stel die deelnemers 'n sware taak. In plaas van die liedere doelloos en half klaargewerk te leer, om maar weer na nuwe te gryp, moet hulle nou alles tot in die fynste puntjies afwerk, wat hulle tegniek en voordrag op 'n baie hoër standpunt bring. Meeste van die deelnemers verskyn vir die eerste maal op die verhoog om aan 'n kompetisie deel te neem; die sangers en ook die elokusiekandidate hoor hul stem in 'n groter saal as waarin hulle gewoonlik oefen.

Om te sing of te speel in 'n kompetisie is weer iets anders as om 'n eksamen af te lê. In die eerste geval moet hulle beter doen as al die ander om die prys te wen, terwyl, om 'n diploma of sertifikaat te verkry, slegs 'n seker aantal merke behaal moet word. Die deelnemers leer ook om regverdig teenoor ander te wees om te wil erken dat die ander beter gedoen het as hulle.

Die onderwysers en onderwyseresse verwelkom kompetisies, omdat hul meer werk uit die leerlinge kry as gewoonlik. En as die leerling 'n prys wen, wen die onderwyser ook iets vir homself, want die toehoorders sal probeer om uit te vind wie die leraar is; dit sal hom meer leerlinge besorg. Sy pols klop sneller as al die voorbereidings beloon word met die hoogste prys. Ook is die feit dat sy leerstelsel goedgekeur word deur deskundiges in die vakke wat as beoordelaars ageer, 'n glanspunt in die moeilike en onseker bestaan van 'n leraar.

Nog 'n baie groot voordeel van 'n Eisteddfod is dat 'n hoë standaard van musiek en gedigte gestel word, waaraan miskien nog nie voldoende aandag gegee is nie. Sodoende raak ook die name van komponiste, en, in die elokusieafdeling, van Afrikaanse digters bekend. By die sang verskyn die name van Afrikaanse komponiste wat in die Sillabus staan.

'n Eisteddfod bevorder ook die handel; nie alleen koop deelnemers musiek of gedigte nie, maar die Sillabus word oor die hele land versprei. Musiek- en elokusiebeoefenaars neem die lyste wat deur die Komiteeopgetrek is, as 'n gids. Hulle bestel die gedigte en die musiek vir eie gebruik.

# Die Nut van Musiekverenigings

Iets wat miskien nog meer as 'n Eisteddfod die liefde vir musiek en die studie van musiek by amateurs aankweek, is 'n onderlinge musiekvereniging. Dis raadsaam om in elke stad, in elke dorp 'n dergelike vereniging te besit. 'n Maandelikse byeenkoms waar lede bydra tot die program, waarvan hulle weet dat 'n simpatieke gehoor na hulle luister, is baie aanmoedigend. ,,The Melodic Society'' in Kaapstad is 'n modelinrigting op hierdie gebied. Die bestuur bestaan vernaamlik uit persone wat musiek hul professie maak, maar die lede is almal amateurs. As hulle hul aangee om lid te word, moet hulle sê of hulle by die uitvoerders of by die toehoorders wil behoor. By die maandelikse byeenkomste tree vokaliste en instrumentaliste op. Daar word liedere en meerstemmige stukke gesing, stukke vir klavier en vir viool, ens., ens., uitgevoer. Die gehalte van musiek wat daar gehoor word, is gewoonlik van 'n hoër standaard as wat ons op die konserte hoor. Die nuutste op die gebied van musiek word daar gesing en gespeel, en die uitvoerders weet dat die gehoor eerlik hul opienie sal gee oor die musiek wat hulle gehoor het. Drie- of viermaal in die jaar kom daar 'n professionele uitvoerder vir die lede speel of sing. Die vereniging is dus nie alleen aangenaam en aanmoedigend nie, maar ook leersaam en nuttig. Om vir liefhebbers van musiek op die hoogte te hou met die nuwe en fyn kuns, wat nie vir 'n groot gehoor en 'n groot saal geskik is nie, kan 'n musiekvereniging baie goeie dienste bewys. En dat die noodsaaklikheid daarvan gevoel word, toon die getal lede. By die oprigting van die Kaapse ,,Melodic Society'' was daar ongeveer twintig; nou is daar oor die tweehonderd.

Behalwe hierdie vereniging, het Kaapstad ,,The Nine Club''—so genoem na die nege Muses. Dis die susterklub van ,,The Owl Club.'' Laasgenoemde is uitsluitend vir here en bestaan al meer as dertig jaar. ,,The Nine Club'' is hoofsaaklik vir dames. Altwee het hul maandelikse byeenkomste, waar, behalwe musiek, ook die literêre en dramatiese kuns behandel word, en waar hulle lesings hou oor kuns in die algemene sin. Artieste en vooraanstaande persone, wat op besoek in Kaapstad is, word uitgenooi om as eregaste hierdie aande by te woon. Dan is daar ,,The Murmers' Club'' vir here en dames, waar ook musiek, literatuur en drama beoefen word. Dis 'n bewys dat die behoefte gevoel word aan verenigings waar kuns en wetenskap in intieme kring beoefen kan word.

# Stellenbosch na 250 Jaar

(*Vervolg van bladsy* 41.)

wolk is nie, terwyl die wintermaande proporsioneel minder sonskyn het. Dit is ook werklik die geval, en dis 'n groot voordeel dat in die somerseisoen, wanneer graan, vrugte en gewasse moet ryp word, en dus baie sonskyn nodig het, ook die meeste aantal ure van sonskyn te vinde is. Die gemiddelde aantal ure van sonskyn vir die Westelike Provinsie is heelwat minder as in die binnelande — b.v. op Kimberley of Johannesburg —, tog is dit weer heelwat meer as die groot buitelandse sentra soos Londen, Nu-York en Bucharest.

*Temperatuur.* — Ons vind dat Stellenbosch 'n baie milde klimaat het wat die temperatuur betref. Die gemiddelde syfer fluktueer in Januarie tussen 70 grade F. en 72.5 grade F., terwyl binnelandse sentra soos Kimberley en Bloemfontein bo die 90 grade F. registreer. Die gemiddelde verskil tussen somer- en wintertemperatuur is slegs 17.5 grade F. teenoor die syfer vir Bloemfontein, van 27.5 grade F. Daarby kom nog dat Stellenbosch naby die see geleë is — dus baie ryker aan watervog is, wat die lug betref, as die droë binnelandse sentra en dus ook gesonder. Ons kan nie hier ingaan op die invloed van klimaat op die gesondheidstoestande en produksiekragte, geestelike sowel as liggaamlik nie, maar een ding is seker, en dit is dat wat betref die klimaat, die Westelike Provinsie bepaald 'n voorsprong het op die res van Suid-Afrika. Vir gesondheidsdoeleindes is die klimaat uitstekend, en dit spreek vanself dat die gesonde mens meer kan uitrig as die sieke. Die klimaat is nie alleen gunstig vir handearbeid sowel as geestelike arbeid nie, maar dit vervul die mens ook met krag en lewenslus en spoor hom aan tot werk. Die groot sukses van Amerika, Wes-Europa, Nu-Seeland, ens., word baiekeer toegeskryf aan die feit dat hierdie lande die ideale klimaat besit. Ons kan nie gaan dogmatiseer en vasstel dat dit werklik die oorsaak is nie; ongetwyfeld egter — en niemand sal dit bestry nie —, dra die ideale klimaat baie by tot die ekonomiese, staatkundige, militêre en sosiale sukses van hierdie dele.

PLANTEROEI.

Die natuurlike of oorspronklike plantegroei van die distrik kan ons ons moeilik voorstel. Van die vroegste tye af was daar veranderinge, toe te skrywe aan die destydse klimatologiese toestande, veral temperatuur en reënval. Die veranderings wat daar plaasgevind het, die migrasies, uitbreidings en verdwyning van sekere plante is veral die gevolg van die bedrywigheid van die mens. Vandat die beskaafde mens op die toneel verskyn het, het hy 'n geweldige invloed op die plantegroei gehad deur veldbrande, veeweiding, uitroeiing van bosse, landbou en die aanplanting van bosse en nuwe plantsoorte. Die gevolg hiervan is dat daar 'n geweldige ommekeer in die plantegroei plaasvind, en die verskillende faktore wat tot hierdie ommekeer bydra, kan ons as volg groepeer:

(a) Die aanplant van nuwe soorte plante en bome, doelbewus sowel as onbewus. Namate die koloniste die land ingetrek het, het hulle doelbewus kultuurplante en -bome met hulle meegeneem; onbewus, egter, het ander, en wilde, soorte hulle ook gevolg. Die bekendste soorte ingevoer is die eik, die witpopulier die Lombardiese populier en die treurwilger. Behalwe die algemene aanplantings van indiwidue, vind ons dan ook nog munisipale of regeringsplantasies — b.v., die plantasies op Papegaaiberg en die Park op Stellenbosch en ook die plantasies by Kuilsrivier en Kraaifontein. In hierdie plantasies vind ons veral denne- en blougombome.

(*Vervolg op bladsy* 79.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012